

BELGIË FORMULE 1 – 9 DAE VAN SPOED, SPANNING & SPEKTAKEL

BELGIË & LUXEBURG | FORMULE 1 | SPA-FRANCORCHAMPS | 9 DAE

Pak jou tasse en maak gereed vir 'n onvergeetlike Formule 1-avontuur in die hart van België!

Kom beleef die Belgiese Grand Prix by die legendariese *Circuit de Spa-Francorchamps* – waar die enjins brul, die adrenalinie pomp en duisende F1-aanhangers saamkom vir 'n naweek van pure motorsport-adrenalinie! Teen ons spesiale groepstarief van slegs **R56 990 per persoon** wat deel, wag daar 'n ongelooflike **9-dae avontuur** vol Formule 1-aksie, Europese sjarme en onvergeetlike ervarings.

DIE HOOGTEPUNT? FORMULE 1 BY SPA-FRANCORCHAMPS!

Ervaar die opwinding van die Belgiese Grand Prix en voel die energie van die F1-skare wanneer die wêreld se beste jaers bymekaarkom. Ons spandeer Vrydag, Saterdag én Sondag by die renbaan, sodat jy die volle Grand Prix-naweek kan beleef – van die eerste brul van die enjins tot die groot Sondag-wedren!

Maar hierdie toer is méér as net F1 Grand Prix...

Brussel – beleef die Belgiese hoofstad en sy ikoniese besienswaardighede.

Spa-Francorchamps – drie dae se Formule 1-aksie en renbaan-atmosfeer.

Liege – ontdek die karakter en energie van hierdie dinamiese Belgiese stad.

Dinant – geniet die asemrowende uitsigte en romantiese sjarme langs die Meuse-rivier.

Leuven – 'n lewendige historiese universiteitstad vol karakter.

Luxemburg – 'n ekstra Europese juweel wat hierdie ongelooflike reis perfek afrond.

9 DAE, 2 LANDE, 1 LEGENDARIESE FORMULE 1-NAWEEK.

Van historiese stadspleine en kronkelende Europese strate tot die brul van Formule 1-enjins by Spa-Francorchamps – hierdie is 'n toer vir almal wat daarvan hou om te reis, te ontdek en die lewe 'n bietjie vinniger te leef!

Maak gereed vir die vlag om te val!



Dag 1: Woensdag, 21 Julie → KAAPSTAD / JOHANNESBURG → BRUSSEL

Die groot dag het uiteindelik aangebreek! Ons Europese F1-avontuur begin wanneer ons vroegsaand vertrek vanaf Kaapstad en Johannesburg vertrek na Brussel, België.

Skop jou skoene uit, sit terug en geniet die begin van 'n ongelooflike reis. Ná aandete aan boord van ons *Emirates*-vlug, is dit tyd om te ontspan. Volgende stop: **België!**

Dag 2: Donderdag, 22 Julie → BRUSSEL – DIE AVONTUUR BEGIN!

Welkom in België! Na 'n vroeë ontbyt aanboord land ons om 13:20 in Brussel, waar ons Belgiese avontuur amptelik begin! Ons ontmoet ons bus en vertrek na die *Courtyard by Marriott Brussels Centre*, 'n gerieflike 4-ster hotel in 'n uitstekende ligging. Hier geniet ons een nag se verblyf, insluitend ontbyt.

Ontdek Brussel saam met Renhard - Toerlede wat lus is om die stad saam met Renhard te verken, ontmoet in die voorportaal vir 'n informele stadswandeling deur die hartjie van Brussel. Jy is ook welkom om die stad op jou eie te ontdek. Ons stap deur van die stad se bekendste bakens, waaronder: *St. Michael* en *St. Gudula-katedraal*, *Grand Place* – een van Europa se mooiste stadspleine en *Parc de Bruxelles*, Koninklike Paleis. Daar is natuurlik ook tyd om 'n Belgiese bier of koffie te geniet, iets lekkers te proe of sommer net die atmosfeer van hierdie ongelooflike Europese stad in te asem.

Vanaand is joune – geniet Brussel, rus lekker en maak gereed... want die F1-naweek lê voor!

Die bestemming is bereik. Die enjins is nog stil... vir nou.

Dag 3: Vrydag, 23 Julie → FORMULA 1 BY SPA-FRANCORCHAMPS → LIEGE

❏ DIE NAWEEK BEGIN! – Vandag hoor ons die enjins brul!

Na 'n lekker ontbyt vertrek ons om 09:30 vanaf Brussel na Verviers Sentrale Stasie, waar ons ons F1-shuttlebus na die legendariese Circuit de Spa-Francorchamps neem. Ons arriveer ongeveer 11:00 by Verviers en klim en gebruik vandaar die spesiale F1-shuttle na die renbaan.

Rondom 11:30 arriveer ons by Spa-Francorchamps – en van hier af is dit pure F1-energie!

Vandag kry ons die eerste voorsmakie van die naweek se aksie met:

❏ FP1 – First Practice: 12:30–14:00

❏ FP2 – Second Practice: 16:00–17:00

Tussen die sessies is daar genoeg tyd om die unieke Grand Prix-atmosfeer te geniet, die renbaan te verken, ondersteuners van regoor die wêreld te ontmoet en natuurlik al die F1-aksie rondom die baan in te neem.

En die beste deel? Ons 3-dag F1-shuttlekaartjie is reeds ingesluit!

Ná die tweede oefensessie vertrek ons rondom 17:00 terug na die shuttle-area en neem ons die F1-shuttle terug na Verviers Stasie. Daar wag ons privaat bus wat ons na Liege neem, waar ons die volgende drie nagte oorbly by die **Park Inn by Radisson Liège Airport** – 'n 4-ster hotel met ontbyt ingesluit.

Dag 4: Saterdag, 24 Julie → LIEGE → SPA-FRANCORCHAMPS → LIEGE **KWALIFISERINGSKOORS! Vandag raak dit ernstig!**

Na ontbyt vertrek ons om 10:00 vanaf Liege na Verviers Sentrale Stasie, waar ons weer ons F1-shuttle na Spa-Francorchamps neem. Ons arriveer ongeveer 10:30 by Verviers en ons maak gebruik van die shuttle na die renbaan.

❏ VAN OEFENING TOT 'POLE POSITION'

Rondom 11:00 is ons terug by die Belgiese Grand Prix – Spa-Francorchamps, gereed vir nog 'n dag van wêreldklas motorsport.

Vandag is daar nóg meer op die spel:

❏ FP3 – Final Practice

❏ Kwalifisering – Q1, Q2 & Q3

❏ Die stryd om Pole Position!



Geniet die dag langs die baan en ervaar die ongelooflike atmosfeer soos die spanne hul laaste voorbereidings tref. Daar is vrye tyd om die renbaan en F1-ervaring te geniet voordat die groot oomblik aanbreek – kwalifisering! Wanneer Q3 eindig en die vinnigste jaer uiteindelik sy plek op Pole verseker, weet ons: môre is 'Raceday'!

Rondom 17:15 vertrek ons terug na die shuttle-area en neem ons die F1-shuttle na Verviers Stasie, waar ons privaat bus ons terugneem na ons hotel in Liege.

F1-groepsaandete → Vanaand sit ons almal saam om die dag behoorlik te vier! Ons geniet 'n spesiale F1-groepsaandete by die hotel se restaurant om **19:30**. Gesels oor die dag se hoogtepunte, voorspel môre se wenner en geniet die opgewondenheid saam met jou medereisigers.

Want môre is die groot dag... **RACE DAY**.

Dag 5: Sondag, 25 Julie 2027

LIEGE → SPA-FRANCORCHAMPS → LIEGE

Vandag is dié dag waarvoor ons gekom het – **RACE DAY** by die legendariese **Spa-Francorchamps**!

Na ontbyt vertrek ons om 11:00 per bus na Verviers Sentrale Stasie, waar ons aansluit by die amptelike F1-shuttle na die Circuit de Spa-Francorchamps.

Ons arriveer omstreeks 12:00 by die Belgiese Grand Prix en nou begin die groot dag! Kry jou F1-gees aan, ervaar die ongelooflike atmosfeer rondom die baan en geniet die opwindning van een van F1 se mees ikoniese renbane. Daar is tyd om die baanatmosfeer te geniet voordat die hoofwedren om 15:00 wegspring.

Die Belgiese Grand Prix duur na verwagting tot ongeveer 17:30. Ná die wedren vertrek ons omstreeks 17:40 terug na die F1-shuttle-area vir die rit na Verviers. Ons privaat bus wag daar en neem ons terug na ons hotel in Liege.

Vanaand is vrye tyd – die perfekte geleentheid om te ontspan, iets te eet en al die 'Race Day'-hoogtepunte van die dag te herleef.

Dag 6: Maandag, 26 Julie 2027

LIEGE → DURBUY → LUXEMBURG

Na die adrenaliën van Race Day verruil ons vandag die brul van F1-enjins vir die rustigheid van die Belgiese Ardennes.

Na ontbyt en uitklok vertrek ons om 10:00 per privaat bus na die pragtige historiese dorpie **Durbuy**. Die rit neem ongeveer een uur.

Durbuy – “the smallest city in the world”

Durbuy is een van België se mooiste klein dorpies en lê skilderagtig in die Ourthe-vallei, omring deur die groen heuwels van die Ardennes. Hier kry ons vrye tyd om die dorpie op ons eie te verken – stap deur die kronkelende klipstraatjies, loer by die klein winkeltjies in, geniet 'n koffie of Belgiese lekkerny, of sit eenvoudig terug en geniet die atmosfeer.

“Nestled in the captivating Ourthe Valley in the Ardennes, this historic settlement has barely changed since it was first given city status by the Count of Luxembourg in the 14th century.”

Om 13:00 vertrek ons verder – en vandag kruis ons nog 'n landsgrens! Ons ry na Luxemburg, waar ons vir een nag oorbly by die 3-ster **Hotel Parc-Belle-Vue**, met ontbyt ingesluit.





LUXEMBURG – 'n nuwe land, 'n nuwe avontuur

Ná inbespreking by ons hotel het ons die res van die middag om Luxemburg op ons eie te geniet.

Diegene wat saam met Renhard die stad wil verken, kan later die middag saam stap vir 'n besoek aan die *Ou Stad* van Luxemburg, waar ons onder andere die indrukwekkende *Notre-Dame-katedraal* van Luxemburg kan bewonder. Van diegene wat verkies om rustig te ontspan tot dié wat lus is om die stad se strate en besienswaardighede te ontdek – die keuse is joune!

Dag 7: Dinsdag, 27 Julie 2027

LUXEMBURG → DINANT - België se kleiner juwele

Na ontbyt en uitklok sê ons totsiens vir Luxemburg en vertrek om 10:15 na een van België se mooiste rivierdorpe – Dinant. Die rit neem ongeveer 1 uur 50 minute.

Dinant is skouspelagtig geleë langs die Meuse-rivier, met dramatiese rotskranse, kleurvolle geboue en die beroemde silhoeëte van die Collégiale Notre-Dame de Dinant.

“Dinant is a city in Belgium's Walloon Region. It's on the banks of the Meuse River and backed by steep cliffs. Perched on an outcrop above town is the centuries-old fortified Citadel. It's now a museum with sweeping views. Below it is the Gothic Collegiate Church of Our Lady. Nearby, on the site of saxophone inventor Adolphe Sax's birthplace, Mr. Sax's House has interactive exhibits on the instrument's development.”



Dinant – 'n Juweel langs die Meuse

Voordat ons by die hotel inbespeek, wag daar eers 'n baie lekker Belgiese ervaring!

Caracole Brewery – 'n Proe Van België

Ons besoek die bekende **Caracole Brewery**, waar ons die geleentheid kry om meer oor die brouery en die tradisionele Belgiese bierkultuur te leer – en natuurlik is daar tyd vir 'n heerlike bierproe-sessie! Daarna is daar 'n bietjie vrye tyd om die omgewing te geniet voordat ons om 14:00 per bus na ons hotel vertrek.



Ons bly vanaand oor by die 3-ster **Ibis Dinant Hotel**, pragtig geleë reg langs die **Meuse-rivier**, met mooi uitsigte oor die water en Dinant se indrukwekkende landskap. Die res van die middag en aand is vrye tyd – stap langs die rivier, ontdek die dorp, geniet 'n rustige aandete of sit bloot terug en geniet die uitsig.

Dag 8: Woensdag, 28 Julie 2027

DINANT → LEUVEN → BRUSSELS LUGHAWA

Ons laaste oggend in België begin met ontbyt voordat ons uitbespreek by ons hotel en om 08:45 vertrek.

Ons reis na die historiese universiteitstad **Leuven**, waar ons omstreeks 10:00 by die bekende *Oude Markt* arriveer.

Hier kry ons 'n laaste kans om die Belgiese atmosfeer te geniet – stap deur die historiese strate, bewonder die pragtige argitektuur, geniet 'n koffie of iets lekkers en koop dalk daardie laaste klein herinnering aan België.

Om 11:30 vertrek ons na Brussels Lughawe vir ons *Emirates*-vlug.

Ons *Emirates*-vlug vertrek om 15:20 vanaf Brussels. Sit terug, ontspan en geniet die etes en vermaak aanboord terwyl ons Europa agterlaat en koers kies na Dubai. Ons arriveer omstreeks 23:55 in Dubai.



Leuven – 'n Lewendige universiteitstad vol historiese sjarme, pragtige argitektuur en die ikoniese Oude Markt, waar die strate bruis van gesellige kafee's en Belgiese atmosfeer.

Dag 9: Donderdag, 29 Julie 2027

DUBAI → JOHANNESBURG / KAAPSTAD

'n Vroeë oggend in Dubai! Ons sluit aan vir ons laaste Emirates-vlug huis toe.

Na 'n ongelooflike toer vol F1-adrenalien, nuwe lande, Europese dorpie, goeie kos, Belgiese bier en hope herinneringe, land ons weer op Suid-Afrikaanse bodem.

Van die brul van die enjins by Spa-Francorchamps tot die rustige waters van die Meuse – wat 'n avontuur!

Emirates
FLY BETTER

INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- ✓ Internasionale vlugte in ekonomiese klas vanaf en na Johannesburg. Daar is 'n addisionele koste van R1 850 vir die retoervlug vanaf en na Kaapstad.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ Verblyf vir 6 nagte in vier uitgesoekte hotelle (soos in die reisplan aangedui)
- ✓ Ontbyt elke dag met een aandete ingesluit op dag 4. (F1-ete)
- ✓ Alle besigtiging soos in die reisplan uiteengesit.
- ✓ Drie-dag F1 pass vir die Gold 6 kaartjie vir die Chicane Grand Stand van die Vrydag tot die Sondag.
- ✓ Drie-dag F1-shuttlekaartjie.
- ✓ Alle vervoer soos op reisplan aangedui.
- ✓ Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.

LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- Die toerkoste van **R56 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskoste in Oktober 2026. Dit is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- Visumkoste van ± R1 800 vir 'n Belgiese Schengenvisum, asook ongeveer R500 vir die hanteringskoste aan die visum-aansoeksentrum, is nie ingesluit by die toerkoste nie. Ons sal help met die nodige dokumentasie.
- Die bybetaling vir diene wat 'n enkelkamer verlang, beloop R14 950.
- Indien daar probleme met die bespreking van een van die genoemde hotelle mag ontstaan, sal daar van 'n soortgelyke hotel gebruik gemaak word.
- Ten minste 20 toerlede moet deurgaans saamreis en die maksimum getal toerlede wat op hierdie toer geakkomodeer kan word is 34 toerlede.
- Billike en omvattende groeps-reisversekering van Santam Travel Insurance is beskikbaar vir alle toerlede onder die ouderdom van 70 jaar teen R320 vir die nege dag.
- Fooitjiegelde vir die busbestuurder is nie ingesluit en sal later bygevoeg word.
- **'n Deposito van R12 000** moet so gou as moontlik vereffen word om 'n plek op die toer te verseker. Die deposito-bedrag is hoër as vir ons ander toere ~ omrede dat die individuele vlugkaartjies met bespreking uitgereik moet word.

- Die balans van die reisgeld moet **voor 15 April 2027** vereffen word.
- Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.

Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by

Nedbank: 119 1533 964 Tak: George (Tak kode 198 765) Bedrag: R12 000 (deposito)

Rekeninghouer: Van Dyk Travel Tipe rekening: Lopende/Besigheids Verwysing: F1/en u van

Kontak die toerleier, **Renhard van Dyk**, vir enige verdere navrae:

Tel nr: 082 767 8400 | Faks nr: 086 733 8987 | E-pos: info@vandyktours.co.za



VAN DYK TOERE

INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995



Emirates
FLY BETTER

